

22 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 73

Fokusgedeelte: Psalm 73:23 (OAV)

Nogtans is ek altyd by U

Asaf bely dat die Here altyd by hom is. Tog worstel hy met 'n sielsvraag: Ongelowiges is voorspoedig. Hoekom kry die gelowiges die wind van voor?

Kyk maar na uself, hoe 'n mens beproef word. Jy voel soms soos Job op die ashoop, soos 'n Jeremia in sak en as of soos Asaf in vertwyfeling, met 'n element van jaloesie. Op die vraag hoekom dit met die ongelowige goedgaan en nie met die gelowige nie, gee hy 'n antwoord dat God nogtans by jou as gelowige is, al gaan dit nie goed nie.

Die wysheid uit die Psalm is dat jaloesie net ongelukkigheid in die hart bring. Jaloesie laat jou hart se bloed stol en dit gee vir jou 'n geestelike hartstilstand. In die plek van hierdie dooie hart moet ons 'n nuwe hart kry wat warm klop. Dit is 'n hart vol liefde en nie jaloesie nie (1 Kor. 13:4). Gun elkeen die son oor sy kop, want God laat dit reën oor gelowiges en ongelowiges.

Wat u en my betref, los die verbittering en die gevoel van onreg weens jaloesie agter en strek jou uit na God in Christus voor jou. Hou op om aards te dink en bedink die dinge daarbo. Laat Jesus Christus jou sonde uitwis sodat ons deur die Gees soos Asaf kan sê dat Hy nogtans altyd by ons is. Hy het 'n nogtans-geloof, nes Habakuk. In lyn met Paulus kan niks ons van sy liefde skei nie.

Asaf wys ook dat jy as gelowige in God se heiligdom ingaan (Ps. 73:17). Dit sal finaal realiseer as jy in die hemel is. Vir die goddelose wag die hel. Die oënskynlike aardse voorspoed van die goddelose gaan verby, maar vir ons wag 'n ewige hemelse heerlikheid, waar God alles in almal sal wees.

Jesus gee vir ons deur sy Gees die perspektief: "Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees" (Matt. 6: 21).

Sing: Psalm 73:1, 10 (Totius)

Ds. JJJ Erasmus (Volksrust/Ermelo)